Geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Augustus 2012

ConvergeNet

ConvergeNet Holdings Limited
(Registrasienommer 1998/015580/06)
JSE-kode: CVN ISIN: ZA000102067
("ConvergeNet" of "die Groep" of "die Maatskappy")

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2012 R'000	Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2011 R'000
Inkomste	**1 017 357**	1 029 363
Koste van verkope	**(758 192)**	(782 987)
Bruto wins	**259 165**	246 376
Ander inkomste	**20 296**	1 749
Bedryfsuitgawes	**(286 602)**	(220 805)
Bedryfs(verlies)/wins	**(7 141)**	27 320
Beleggingsinkomste	**2 252**	4 293
Deel van wins van geassosieerde maatskappye	**3 392**	9 360
Billikewaarde-aanpassings	**(2 808)**	-
Waardedaling van klandisiewaarde en ander finansiële bates	**(30 151)**	(77)
Finansieringskoste	**(3 378)**	(2 284)
(Verlies)/wins voor belasting	**(37 834)**	38 612
Belasting	**(8 505)**	(7 720)
(Verlies)/wins vir die tydperk	**(46 339)**	30 892
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers van die moedermaatskappy	**(43 740)**	23 557
Nie-beherende belange	**(2 599)**	7 335
Ander omvattende verlies	**(391)**	-
Totale omvattende (verlies)/wins vir die jaar	**(46 730)**	30 892
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers van die moedermaatskappy	**(43 940)**	23 557
Nie-beherende belange	**(2 790)**	7 335
(Verlies)/verdienste per aandeel		
Basiese (verlies)/verdienste per gewone aandeel (sent)	**(4.92)**	2.66
Verwaterde basiese (verlies)/verdienste per gewone aandeel (sent)	**(4.90)**	2.65
Geweegde gemiddelde getal aandele	**888 730 243**	885 225 634
Verwaterde geweegde gemiddelde getal aandele	**893 143 576**	889 353 185
Totale getal uitgereikte aandele	**921 285 941**	915 115 941
Wesens(verlies)/verdienste per aandeel (sent)	**(5.01)**	2.70
Verwaterde (verlies)/wesensverdienste per aandeel (sent)	**(4.98)**	2.68
Rekonsiliasie tussen basiese en wesensverdienste		
Basiese (verlies)/verdienste toeskryfbaar aan ekwiteithouers van moedermaatskappy	**(43 740)**	23 557
Verlies met die verkoop van bates	**176**	528
Wins met die verkoop van geassosieerde maatskappye	**(16 363)**	-
(Wins)/verlies met die verkoop van filiale	**(2 126)**	74
Verlies met die verkoop van ander finansiële bates	**1 891**	-
Waardedaling van klandisiewaarde	**13 617**	77
Belastinguitwerking van aanpassings	**2 026**	-
Deel van aanpassings toeskryfbaar aan nie-beherende belange	-	(363)
Wesens (verlies)/verdienste	**(44 519)**	23 873
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**46.3**	52.7
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**26.9**	30.9

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	Geouditeer soos op 31 Aug 2012 R'000	Geouditeer soos op 31 Aug 2011 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**54 455**	35 424
Klandisiewaarde	**171 199**	184 816
Ontasbare bates	**7 926**	14 467
Beleggings in geassosieerde maatskappye	**6 001**	36 155
Ander finansiële bates	**500**	42 385
Uitgestelde belasting	**24 802**	26 002
	264 883	339 249
Bedryfsbates		
Voorraad	**96 240**	85 981
Lenings aan groepmaatskappye	**2 273**	332
Ander finansiële bates	**7 336**	6 168
Lopende belasting ontvangbaar	**1 394**	3 410
Handels- en ander ontvangbare bedrae	**262 281**	252 566
Kontant en kontant-ekwivalente	**66 998**	66 961
	436 522	415 418
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	**43 499**	-
	480 021	415 418
TOTALE BATES	**744 904**	754 667
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		
Totale ekwiteit		
Aandeelhouersekwiteit	**426 649**	482 238
Nie-beherende belang	**61 364**	64 156
	488 013	546 394
Aanspreeklikhede		
Nie-bedryfslaste		
Ander finansiële aanspreeklikhede	**16 730**	21 124
Finansiële bruikhuurverpligting	**6 975**	1 039
Bedryfshuurverpligting	**1 806**	1 738
Uitgestelde belasting	**5 309**	6 165
	30 820	30 066
Bedryfslaste		
Ander finansiële verpligtinge	**9 638**	1 652
Lopende belasting betaalbaar	**6 119**	4 794
Finansiëlebruikhuurverpligting	**6 968**	841
Voorsienings	**3 101**	976
Handels- en ander betaalbare bedrae	**190 598**	169 504
Bankoortrekking	**502**	440
	216 926	178 207
Nie-bedryfslaste gehou vir verkoop	**9 145**	-
	226 071	178 207
Totale aanspreeklikhede	**256 891**	208 273
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**744 904**	754 667

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2012 R'000	Geouditeer jaar geëindig 31 Aug 2011 R'000
Bedryfsaktiwiteite		
Kontant (benut in)/van bedrywighede	**(602)**	25 277
Beleggingsinkomste	**2 252**	3 148
Finansieringskoste	**(3 378)**	(2 186)
Belasting betaal	**(4 820)**	(13 704)
Netto kontant (benut in)/van bedryfsaktiwiteite	**(6 548)**	12 535
Netto kontant benut in beleggingsaktiwiteite	**(9 514)**	(1 009)
Netto kontant van/(benut in) finansieringsaktiwiteite	**16 428**	(7 694)
Netto toename in kontant en kontant-ekwivalente	**366**	3 832
Kontant aan begin van die jaar	**66 521**	62 689
Valutaverliese	**(391)**	-
Totale kontant aan einde van die jaar	**66 496**	66 521

VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING

Inligting aangaande die Groep se rapporteerbare segmente word hieronder aangebied.

	IT-infrastruktuur Tegnologie-oplossings		Telekom-infrastruktuur Tegnologie oplossings		Korporatief, Konsolidasie en Ander		Totaal	
	2012 R'000	2011 R'000	2012 R'000	2011 R'000	2012 R'000	2011 R'000	2012 R'000	2011 R'000
Inkomste	788 654	827 260	228 703	202 103	-	-	1 017 357	1 029 363
(Verlies)/wins van bedrywighede	(3 212)	30 743	(2 966)	2 629	(3 771)	(6 129)	(9 949)	27 243
Beleggingsinkomste	1 521	1 842	315	260	416	2 191	2 252	4 293
Deel van wins van geassosieerde maatskappye	1 040	1 065	2 352	8 295	-	-	3 392	9 360
Waardedaling van klandisiewaarde en ander finansiële bates	(7 866)	-	-	-	(22 285)	-	(30 151)	-
Finansieringskoste	(2 052)	(987)	(1 326)	(1 181)	-	(116)	(3 378)	(2 284)
(Verlies)/wins voor belasting	(10 569)	32 663	(1 625)	10 003	(25 640)	(4 054)	(37 834)	38 612
Inkomstebelasting (uitgawe)/voordeel	1 103	(8 485)	453	(2 327)	(10 061)	3 092	(8 505)	(7 720)
(Verlies)/wins vir die jaar	(9 466)	24 178	(1 172)	7 676	(35 701)	(962)	(46 339)	30 892
Ander omvattende verlies	(391)	-	-	-	-	-	(391)	-
Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar	(9 857)	24 178	(1 172)	7 676	(35 701)	(962)	(46 730)	30 892

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal en premie R'000	Tesourie-aandele R'000	Aandeel gebaseerde betalings-reserwe R'000	Buitelandse valuta-omrekenings reserwe R'000	Herwaar-dasie-reserwe R'000	Behoue inkomste R'000	Transaksies met nie-beherende aandeelhouers R'000	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteithouers van die moeder-maatskappy R'000	Nie-beherende belange R'000	Totale ekwiteit R'000
Saldo op 01 September 2010	435 532	(36 884)	19 603	-	137	96 686	(59 001)	456 073	56 992	513,065
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	-	-	23 557	-	23 557	7 335	30 892
Ekwiteit vereffende aandeelgebaseerde betalings	-	-	6 445	-	-	-	-	6 445	-	6 445
Aandele gevestig ingevolge verbeurbare-aandeelplan	-	16 128	(16 128)	-	-	-	-	-	-	-
Aandele verbeur ingevolge verbeurbare-aandeelplan	-	-	(2 540)	-	-	-	-	(2 540)	-	(2 540)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	-	-	-	(797)	(797)	(171)	(968)
Eie aandele verkry deur filiale, gehou as tesourie-aandele	-	(500)	-	-	-	-	-	(500)	-	(500)
Saldo op 31 Augustus 2011	435 532	(21 256)	7 380	-	137	120 243	(59 798)	482 238	64 156	546 394
Totale omvattende verlies vir die jaar	-	-	-	(200)	-	(43 740)	-	(43 940)	(2 790)	(46 730)
Ekwiteit vereffende aandeelgebaseerde betalings	-	-	2 180	-	-	-	-	2 180	-	2 180
Aandele gevestig ingevolge verbeurbare-aandeelplan	-	8 260	(8 260)	-	-	-	-	-	-	-
Uitgifte van tesourie-aandele ingevolge verbeurbare-aandeelplan	1 419	-	-	-	-	-	-	1 419	-	1,419
Aandele uitgereik ingevolge verbeurbare-aandeelplan nog nie gevestig nie	-	(1 350)	-	-	-	-	-	(1 350)	-	(1 350)
Aandele verbeur ingevolge verbeurbare-aandeelplan	-	(144)	-	-	-	-	-	(144)	-	(144)
Dividende betaal	-	-	-	-	-	(13 516)	-	(13 516)	-	(13 516)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	-	-	-	-	-	-	(238)	(238)	(2)	(240)
Saldo op 31 Augustus 2012	436 951	(14 490)	1,300	(200)	137	62 987	(60 036)	426 649	61 364	488 013

KOMMENTAAR

1. Staat van voldoening
Die verkorte gekonsolideerde finansiële inligting is opgestel ooreenkomstig IAS 34 – Tussentydse finansiële verslagdoening en is 'n opsomming van die geouditeerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 31 Augustus 2012, wat opgestel is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), die RG 500-standaarde soos uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke, die Noteringsvereistes van die JSE Beperk ("JSE"), en die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet 71 van 2008.

2. Rekeningkundige beleid
Die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 31 Augustus 2012 is opgestel ooreenkomstig die Groep se rekeningkundige beleid wat aan IFRS voldoen. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is, is in ooreenstemming met dit wat in die vorige finansiële jaar toegepas is, behoudens die aanneming van alle nuwe, hersiene of gewysigde standpunte en vertolkings wat vanaf 1 September 2011 vir die Groep in werking getree het.

3. Onafhanklike oudit deur ouditeure
Die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar is geouditeer deur Advoca Auditing Inc, en dié Maatskappy se ongekwalifiseerde ouditverslag lê ter insae by die geregistreerde kantoor van die Groep.

4. Korporatiewe bestuur
Die direkteure van ConvergeNet onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag soos vervat in die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur en erken hul verantwoordelikheid om die sake van ConvergeNet met integriteit en toerekenbaarheid in ooreenstemming met algemeen aanvaarde korporatiewe praktyke te bestuur. Dit sluit in tydige, relevante en betekenisvolle verslagdoening aan sy aandeelhouers en ander belanghebbendes, wat n behoorlike en objektiewe perspektief van ConvergeNet bied.

5. Verandering in Direksie
Gedurende die jaar het sekere aandeelhouers verklaar dat hulle gesamentlik optree, wat tot 'n verandering in beheer en verskeie direksieveranderings gelei het. Mnre Lester Peteni, Ben Kakana en Ross Macdonald het met ingang van 21 Januarie 2012 uit die direksie bedank, en mnr Mpho Scott het op 2 April 2012 bedank. Na mnr Peteni se bedanking, is mnr Sandile Swana tot 20 Junie 2012 as waarnemende voorsitter van die direksie aangestel. Op die algemene vergadering wat op 20 Junie 2012 gehou is, het mev Michelle Krastanovas as direkteur bedank en is mnre Pieter Bouwer en Gordon Edwards met onmiddellike inwerkingtreding as direkteure ontslaan. Mnr Charles Petit het hom op 20 Junie 2012 as nie-uitvoerende direkteur in die direksie aangesluit. Die rol van mnr Sandile Swana, die voormalige voorsitter van die Maatskappy, het vir 'n tydperk van 12 maande na dié van uitvoerende hoof verander, en mnr Dumisani Tabata, 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy, is as voorsitter van die direksie aangestel. Die uitvoerende hoof se aanstelling is daaropvolgens tot 'n vyfjaarkontrak verleng.

6. Bedryfsresultate
Gedurende die jaar het inkomste effens met 1% van R1 029.4 miljoen tot R1 017.4 miljoen afgeneem, terwyl die bruto winsmarge van 23.9% tot 25.5% gestyg het in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk, hoofsaaklik as gevolg van 'n verandering in die sakemengsel. Bedryfsuitgawes het met 29.8% tot R286.6 miljoen gestyg vergeleke met R220.8 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk. Ingesluit in die bedryfsuitgawes is die koste om Simat Management Company SA (Pty) Limited ("Simat"), 'n perseelinstandhoudingsentiteit op te rig, wat op Afrika toegespits is. Dit word in meer besonderhede in afdeling 7 hieronder beskryf. As gevolg van die toename in bedryfsuitgawes, het die Groep 'n bedryfsverlies van R7.1 miljoen gely, in vergelyking met 'n bedryfswins van R27.3 miljoen in die ooreenstemmende tydperk. Die belastingkoste vir die jaar sluit in 'n eenmalige onterkenning van uitgesteldebelasting-bates met betrekking tot SBM en Voorsienings teen ekwiteit ten bedrae van R4.8 miljoen en R6.6 miljoen onderskeidelik.
Die Groepverlies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2012 was R46.3 miljoen (2011: wins van R30.9 miljoen) en die toeskryfbare verlies was R43.9 miljoen (2011: wins van R23.6 miljoen), wat 'n basiese verlies per gewone aandeel van 4.92 sent (2011: verdienste van 2.66 sent) en wesensverlies per gewone aandeel van 5.01 sent (2011: verdienste van 2.70 sent) verteenwoordig.
Die finansiële stand van die groep is steeds sterk. Gedurende die jaar het ConvergeNet 6 170 000 nuwe aandele ingevolge sy Verbeurbare-Aandeelplan uitgereik teen 'n uitgifteprys van 23 sent per aandeel.
Simat Groep (sien ook afdeling 7 hieronder), wat in Mauritius geïnkorporeer is, het 'n termynlening van R18.5 miljoen (VSA$2.2 miljoen) verkry van AfrAsia Bank Limited, wat in Mauritius gesetel is. Die opbrengs van hierdie lening is gebruik om die aanvanklike vestiging en verwante bedrywighede in Gabon en Kongo Brazzaville te finansier.
As gevolg van die verliese wat gely is en die eerste dividend wat in Desember 2011 betaal is, het die netto tasbare batewaarde per aandeel met 12.9% tot 26.9 sent per aandeel (2011: 30.9 sent per aandeel) afgeneem.

7. Korporatiewe Bedrywighede
Met ingang van 1 September 2011, het ConvergeNet die oorblywende 10%-belang in Structured Connectivity Solutions (Pty) Ltd ("SCS") verkry vir 'n koopteenprestasie van R0.240 miljoen wat in kontant betaal is. Na die bogenoemde transaksie het ConvergeNet tans 'n 100%-belang in SCS. Die SCS-onderneming het oor die afgelope paar maande 'n positiewe ommeswaai getoon en het 'n stewige pypleiding van nuwe projekte.
Met ingang van 1 Desember 2011 het ConvergeNet 5% van sy 20%-aandeelhouding in FutureCell, 'n geassosieerde maatskappy, vir 'n bedrag van R11.812 miljoen kontant verkoop. ConvergeNet het beduidende invloed verloor, en sy oorblywende belang van 15% is geklassifiseer as 'n belegging in finansiële instrumente teen billike waarde deur wins en verlies. Wins met die verkoop is bereken ingevolge IAS 28. Die oorblywende aandeelhouding van 15% is op 31 Augustus 2012 teen R38.229 miljoen gewaardeer, en aandeelhouers word daaraan herinner dat die Maatskappy 'n koop- en-verkoop-opsie-ooreenkoms met betrekking tot die aandeelhouding aangegaan het, welke ooreenkoms oor die volgende drie jaar uitgeoefen kan word. Aandeelhouers word ook verwys na die gebeure na balansstaat datum met betrekking tot die verkoop van die oorblywende 15%-belang in FutureCell. As gevolg van die voorgestelde verkoop, is die belegging in FutureCell en die verwante koop-en-verkoop-opsies geherklassifiseer as nie-bedryfsbates en nie-bedryslaste gehou vir verkoop op 31 Augustus 2012.
Gedurende die jaar het ConvergeNet Simat, 'n perseelinstandhoudingsentiteit gevestig om die mobiele operateurs in Afrika in vennootskap met Matla Group (Pty) Ltd te diens. ConvergeNet het 'n belang van 51% in Simat. Simat het op sy beurt entiteite in volle besit in Mauritius, Gabon en Kongo Brazzaville gevestig. Werksaamhede het in Maart 2012 begin nadat die maatskappy 'n kontrak van een van die voorste mobiele operateurs in Afrika verkry het.

8. Dividend
Die verklaring van kontantdividende sal steeds deur die direksie oorweeg word tesame met 'n evaluasie van huidige en toekomstige finansieringsvereistes en sal aangepas word tot vlakke wat toepaslik geag word ten tyde van die verklaring.
'n Kontantdividend van 1.5 sent per aandeel is op 28 Desember 2011 aan aandeelhouers betaal. Geen dividend is vir die oorsigjaar voorgestel nie.

9. Vooruitsigte vir die bedryf en die Groep
Na die herstrukturering van die direksie, het die Groep sy strategie vir die volgende vyf jaar uitgebrei, wat 'n fokus insluit om sy bedrywighede na meer as 12 geïdentifiseerde Afrika-lande uit te brei en om sy bedrywighede te stroomlyn. Ons verwag dat ons prestasie in die komende jaar en daarna sal verbeter deur ons teenwoordigheid in Afrika uit te brei, nuwe innoverende diensaanbiedinge, 'n sterk verkoopspan en bewese tegniese vermoëns. ConvergeNet sal ook voortgaan om verstandig in strategiese groeigebiede soos 'n NBS, Wolkrekenarisering, Gasheer- en IKT Bestuurde Dienste te investeer. Hierdie algemene vooruitsig is nie hersien nie, en daar is nie daaroor verslag gedoen deur die Maatskappy se ouditeure nie.

10. Gebeure na die balansstaatdatum
ConvergeNet het op 7 September 2012 'n verkoopsooreenkoms met Pepkor Limited aangegaan vir die verkoop van ConvergeNet se oorblywende 15%-belang in FutureCell vir R40 miljoen kontant en die kansellasie van die koop- en-verkoop-opsie-ooreenkoms onderworpe aan die nakoming van sekere opskortende voorwaardes.
Benewens die bogenoemde het ConvergeNet Management Services (Pty) Ltd, 'n volfiliaal, 'n aandele-aankoop-ooreenkoms op 7 September 2012 met Titan Share Dealers (Pty) Limited ("Titan") aangegaan om 71 478 594 ConvergeNet gewone aandele, wat 7.759% van die uitgereikte aandelekapitaal van ConvergeNet verteenwoordig, teen 29.675 sent per aandeel, wat R21 211 110 beloop, ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig, terug te koop, onderworpe aan die nakoming van opskortende voorwaardes.
'n Omsendbrief wat nadere inligting oor die FutureCell-transaksie en die Titan-Aandele-aankoop-transaksie bevat, is op 17 Oktober 2012 aan aandeelhouers gepos.

11. Slot
ConvergeNet bedank al sy belanghebbendes. Ons is dankbaar vir die voortgesette verbintenis en steun van one klante, werknemers, leweransiers en aandeelhouers.
Vir en namens die direksie

D Tabata
Voorsitter

S Swana
Uitvoerende hoof

Centurion
23 November 2012

Korporatiewe Inligting:
Direkteure: DD Tabata* (Voorsitter), S Swana (UH), DF Bisschoff (HFB), T Modise, H van Dyk, L Mangope*^, C Pettit*
(* Nie-Uitvoerend, ^ Onafhanklik)
Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor: Arcay Client Support (Pty) Ltd, Arcay House II, Anerley-weg Nommer 3, Parktown, 2193
Sake-adres: West-laan 272, Lakefield-kantoorpark, Blok D, Centurion, 0157
Posadres: Posbus 10709, Centurion, 0046
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Pty) Ltd, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Borg: Deloitte & Touche Sponsor Services (Pty) Ltd, Deloitte & Touche Place, The Woodlands, Woodlands-rylaan 20, Woodmead, 2196
Verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële state: Mnr DF Bisschoff GR(SA), die hoof finansiële beampte is verantwoordelik vir die finansiële state en het toesig gehou oor die opstel daarvan in oorleg met die Groep finansiële bestuurder, me M van Heerden GR(SA)
Epos: info@convergenet.co.za
Web: www.convergenet.com

No: J12/00588